Skoolhou is haar passie

Menigte kinders het reeds ure in haar klaskamer deurgebring. Sy is 'n juweel van die onderwysbedryf in Bloemfontein, word wyd gerespekteer, en deur sommige gevrees! Maar vir kinders se hartsake het **Mariehetta Matthee,** hoof van die Hoër Meisieskool Oranje, altyd tyd. Sy beplan om vir nog minstens vyf jaar diep spore by dié skool te trap. *Get It* se **Lani Fouché** het by haar en haar Staffie, Anje van Oranje, gaan inloer.

"Dis net alles genade!" antwoord Mariehetta onmiddellik op die vraag oor wat haar al vir die afgelope klompie jare steeds by die skool hou. Haar kantoor is groot en netjies, en die behangsels teen die mure en ornamente op haar reuse lessenaar spreek boekdele van haar liefde vir die skool en die leerders. Sy wys na die koper-eende wat in 'n ry op 'n koffietafel staan, en dan na die hart wat op die voorblad van die skool se jongste jaarboek verskyn.

"Ons het besluit om weg te beweeg van die eende af wat vir so baie jare met Oranje vereenselwig was. Ons het nou die hart-tema. Dis wonderlik, die meisies is mal daaroor." Sy vertel dat die meisies verlede jaar aangemoedig is om harte te maak wat enigiets uitbeeld wat vir hulle spesiaal is. Hierdie harte word dan aan 'n muur by haar huis gehang, wat op die skoolgronde staan. "As meisies hartseer is, bly is, iets het om te vier, of sommer net 'n spesiale boodskap saam met hul vriende wil bewaar, kan hulle dit in 'n hart skryf en hier kom hang. Ons wil vir hulle die kans gee om iets van hulself hier agter te laat, en so inspireer hulle mekaar ook." Die hart-tema pas ook mooi in by die lewensles wat sy aan alle Oranje-meisies wil oordra: Doen alles van harte. "Doen dit wat jy doen, voluit!"

Christelik en Nasionale Meisieskool Oranje is een van die oudste skole in Bloemfontein – dit was in 2007 'n honderd jaar oud. Mariehetta het op 'n plaas buite Marquard grootgeword, by die Universiteit van die Vrystaat haar onderwysgraad verwerf en direk daarna by Hoërskool Witteberg in Bethlehem gaan skoolhou. Daarna het sy by Jim Fouché in Bloemfontein skoolgegee, waarna sy by Meisieskool Oranje beland het. Sy het in November 2012 haar 60ste verjaarsdag gevier, en sê sy beplan om vir nog minstens vyf jaar by die skool te bly. "Daar is 'n sterk sin vir tradisie en trots hier by Oranje, en die meisies gee om. Dis ongelooflik net hóé baie hulle omgee," verduidelik sy glimlaggend. Die jaarlikse liefdadigheidsinisiatiewe wat die meisies hou, is bewyse daarvan. Verlede jaar het al die graag 11's hul skoolskoene aan behoeftige kinders geskenk, en R100 000 is ingesamel tydens hul Kaalvoetdag.

Mariehetta se werk is vir haar 'n plesier, maar ook veeleisend – omdat sy die skool moet bestuur én self 'n Afrikaans-onderwyser is. Wat is haar dryfkrag? "Harde werk, deursettingsvermoë en baie genade. Toe ek jare terug moes besluit waar ek wou skoolgee, het ek geweet dit moes 'n Christus-skool wees. So ek weet ek is op die regte plek."

Hoewel sy erken dat die mees uitdagende deel van haar werk menseverhoudinge is, is haar span personeellede vir haar baie waardevol, en trek keer op keer die wa deur die drif. "Hier is so baie mense wat hulle werk met passie doen, en werklik omgee-harte het. Dis húlle wat hierdie skool aan die gang hou."

As sy 'n terugblik gee oor hoe die onderwys in die afgelope klompie jare verander het, sê sy betrokkenheid van ouers en die gemeenskap by skole het drasties toegeneem. "Toe ek begin skoolgee het, het die departement steeds streng beheer oor die skole gehad. Hierdie greep het na 1996 begin verslap, en dit is verstommend hoe ouers en lede van die gemeenskap vandag by skole betrokke is."

Haar belangrikste boodskap aan skoliere? "Doen alles wat jy doen, met oorgawe. Lewe voluit. En vertrou jou instinkte – as jy oor iets twyfel, laat dit vaar."

Mariehetta sal nooit op die skoolgronde sonder haar hond, Anje, gewaar word nie. Ek het al van dié Staffie geweet voordat ek by Mariehetta gaan kuier het, en jou wrintiewaar – daar het hy kiertsorent my by die trappe van die kantoor gestaan en inwag. Die storie van dié hond gaan so ver terug as die jare tagtigs, toe sy haar loopbaan by Oranje Meisieskool begin het. "Ek bly nog altyd alleen, en daardie jare was dit nie so toegebou soos nou nie. Toe sê iemand vir my ek moet 'n hond kry om my te beskerm. My eerste een was 'n pit bull. Maar toe sy dood is, moes ek weer een kry." Sy het 'n grys Staffie gekry, en 'n kompetisie is by die skool geloods om op 'n naam vir die nuwe hond te besluit. Een van die leerders het besluit dat die hond "Anje van Oranje" moet heet – en so was dit toe!

Photos: Norman Steyn 082 647 0788